# Jac van Belkum (1851-1933): ’n Middelkonfessionele predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

**Christo Pretorius (Hendrina)**
**Hervormde Teologiese Kollege**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**Jac van Belkum (1851-1933): An “intermediary” theologian of the Dutch Reformed Church**
***In this article the theological accents of Reverend Jac van Belkum (1851-1933), minister of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika from 1891 until his retirement, are evaluated. By means of an comparison between central themes of the theological mainstreams in the 19th century Netherlands and Van Belkum’s theological accents, the article argues that Van Belkum cannot be regarded as an adherent of the mainstream theological traditions, that is the “ethical” or the “confessional”, but must be regarded as an intermediary figure.***

## 1. INLEIDING

Sedert 1891 het Jacobus van Belkum ’n belangrike rol in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gespeel en sy bydrae tot dié kerk se dienswerk kan op verskillende terreine, soos die kerklike joernalistiek, die teologiese opleiding en die sinodale administrasie uitgewys word (vgl Pretorius 1992:12 e v). Die identifisering en bespreking van sy teologiese aksente het dus nie net waarde vir ’n evaluering van sy betekenis in die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, maar dra ook by tot ’n geheelbeeld van dié kerk se teologiese gang in Afrika. Die identifisering van sy teologiese aksente moet egter teen die agtergrond van die Nederlandse teologiese klimaat van sy tyd geplaas word. Die onderskeie rigtings wat aan die orde was tydens Van Belkum se studentejare en vroeë predikantsjare het hy met sy besoek aan Nederland in 1926 so opgesom:

> Langzamerhand vond ik uit, dat er in de kerk nog drie grote groepen waren, evenals vroeger: te weten de Konfessionelen, de Ethischen en de Liberalen, vroeger de modernen genoemd.
>
> De eerstgenoemde zijn zware broeders, die zich sterk vasthouden aan de leringen der oude godgeleerden van de zeventiende en achtiende eeuw, en zeer zwaar zijn: de laatsgenoemden geloven niet in wonderen, ook niet dat Christus Jezus de Zoon Gods is, en erkennen de Bijbel niet als Gods Woord; die tweede groep houdt zich in hun prediking sterk aan de Bijbel en prediken vooral de liefde Gods en Jezus Christus als Gods Zoon, gekomen om de wereld met God te verzoenen. De eersten vooral in sommige provinsies hebben volle kerken, de laatsten hebben maar weinig hoorders: de middelste groep mag zich ook verheugen in volle kerken vooral in de steden en onder de jongere mensen. Waar ik in de kerk was bij de middelsten vond ik ook meestal de kerken goed bezet, vooral wanneer er een gezocht prediker was. Ik heb dan ook onder hun gehoor zijnde al menige mij stichtende predikatie gehoord, waarin 'n ruime opvatting van het Evangelie der verlossing het middelpunt was.
>
> (*De Hervormer* 1926: 66)

Ten spyte daarvan dat Van Belkum hom met hierdie latere uitspraak met die "etiese-rigting" vereenselwig het, was daar tydens sy dienstyd as predikant in Nederland (tot 1891), in breër kerklike verband na hom as ortodokse predikant verwys, soos dit uit die beroepsprosedure na die gemeente Zierikzee geblyk het. Nadat een van die standplase in die gemeente vakant geraak het, het die voorsitter van die *kiescollege* op 29 Junie 1888 aanbeveel: "... *om voor de vacature eene keus te doen uit de predikanten der 'orthodoxe' richting*" (Gemeente Archief Zierikzee Notule Kiescollege = GAZ: Notule Kiescollege). Van Belkum se beroep na die gemeente moet teen die agtergrond van dié gemeente se geskiedenis verstaan word.

Volgens Uil was die gemeente gedurende die negentiende eeu onder beheer van die moderne teologiese rigting en in die laaste kwart van die negentiende eeu het die predikante wat die gemeente bedien het uitsluitelik tot die moderne rigting behoort. Eers in 1878 is die eerste "ortodokse" predikant, ds J C Montijn, beroep. Uil (1990:8) het hiervan gesê: "*De modernen berustten alleen in een orthodox predikant indien deze het bestaansrecht van de modernen erkende. Daarmee waren de Confessionelen in feite buitengesloten. De nieuwe predikant behoorde tot de ethische richting."*

Teen dié agtergrond het Van Belkum Montijn op 29 Junie 1888 opgevolg. ’n Verdere aanduiding van Van Belkum se ambivalente teologiese tipering was sy nominering as kandidaat vir die Zalt-Bommelse klassikale vergadering. Vir dié vergadering, op 25 Junie 1879, word Van Belkum in die plek van C H Boland voorgestel as een van die “*Candidaten van Orthodoxe zijde aanbevolen, voor de verkiesingen op de Classicale Vergadering te Zalt-Bommel*” (NHKA: Sarkady L VI/22/21).

Die verwarring aangaande Van Belkum se teologiese tipering vergroot wanneer hy hom in ’n brief aan Van Gheel Gildemeester skaar by ’n figuur soos A W Bronsveld:

> Ze moeten Gereformeerd zijn, d. w. z niet typen Kuyper maar van het soort als Gispen, Bronsveld en geen psalmzingers alleen, terwijl het vanzelf spreekt dat wij liefs geloovige mannen hebben, wier eerste kracht is “Christus.”
>
> Zij moeten vrij zijn van methodistische halfheden waarvan bv. Spoelstra niet vrij was.
>
> (NHKA: Sarkady L VI/5/4)

A W Bronsveld was ondermeer as ’n gemagtigde konfessionele teoloog (Kuiper 1972:132) bekend en het veral by Hoedemaker se kerkbegrip, in die besonder die kerk se posisie onder die Nederlandse volk, aanklank gevind. Daarteenoor het Bronsveld, anders as Hoedemaker die skeiding van kerk en staat voorgestaan (vgl Kuiper 1972:168).

Om Van Belkum sondermeer aan een van die nederlandse teologiese rigtings te verbind, ontken die ambivalensie wat kenmerkend is van sy teologiese aksente. Dié ambivalensie is enersyds die gevolg van die vervlegtheid en verwantskap van teologiese inhoude in die onderskeie Nederlandse teologiese rigtings; andersyds behoort die “etiese-“ en die “konfessionele-rigting” nie net as teenoorstaande rigtings beskryf te word nie, maar in Van Belkum se geval is die verhouding tussen die twee rigtings eerder aanvullend as afgrensend. Ter illustrasie hiervan word die teologiese aksente wat by Van Belkum geïdentifiseer is met die onderskeie teologiese rigtings vergelyk en die wisselwerking tussen Van Belkum en sy tyd aangedui.

## 2. BIOGRAFIESE GEGEWENS

Jacobus van Belkum het die eerste lewenslig op 2 November 1851 in die Direkteurswoning, Catharinabuurt, huis nommer 6 aanskou. Sy kinderjare het hy in die stad Leeuwarden deurgebring en na sy ouers se dood, het Van Belkum op 11 Oktober 1859 die verantwoordelikheid van die Ou

Burgerweeshuis in Leeuwarden geword (Gemeente Archief Leeuwarden Inventaris 117=GAL:117).

Reeds as skolier aan die *Stedelijk Gymnasium,* het hy in die antieke tale, veral Griekse en Latynse letterkunde uitgeblink, soseer dat hy op 13 Februarie 1871 deur die kuratore van die gimnasium met die boek van George Benedict Winer, *Biblisches Realworterbuch zum Handgebrauch für Studirende, Candidaten, Gymnasiallehre und Prediger* (1847), bekroon word. Nadat hy sy studies aan die *Stedelijk Gymnasium* te Leeuwarden voltooi het, het Van Belkum hom as student in die teologie aan die Universiteit van Utrecht bevind en aldaar het hy met die teologiese strominge in die Nederlandse Hervormde Kerk in aanraking gekom. Van Belkum se studie aan die Universiteit van Utrecht het hom met die gedagtes van sy leermeesters in aanraking gebring.

Feitlik al sy leermeesters naamlik Jacobus Isaak Doedes (1817-1897), J J van Oosterzee (1817-1882) en Nicolaas Beets (1814-1903) kan volgens Rasker tot die apologetiese rigting gevoeg word (vgl Rasker 1974:134 e v). Die uitsondering hierop was C W Opzoomer (1821-1892) by wie Van Belkum lesings in die filosofie gevolg het en wat verteenwoordiger was van die moderne rigting. Opzoomer was ondermeer van mening dat die wysbegeerte die reg het om die geloofsinhoude van die Christendom te beoordeel en 'n gesuiwerde christendom te vestig. Die "suiwering" volgens Opzoomer het ook beteken dat die wonderverhale ontken moes word.

By J J Oosterzee het Van Belkum die lesings in Bybelse teologie van die Nuwe Verbond, Christelike Dogmatiek en Praktiese teologie gevolg. Nicolaas Beets was verantwoordelik vir Kerkgeskiedenis en Sedekunde en J I Doedes het lesings in die eksegese van die Nuwe Testament, Nuwe-Testamentiese hermeneutiek en die Ensiklopedie van die Teologie aangebied.

As student is Van Belkum op 26 Oktober 1861 deur P L Laan, voorsitter van *Secor Dabar,* vir lidmaatskap genomineer, maar na "... *discussie en stemming wordt deze nov[iet] verworpen"* (Archief Utrecht, Notule van Secor Dabar Inv. Nr 6 – AU:Inv.nr 6). Van Belkum was egter stigterslid en voorsitter van die *Oratorisch Theologische Gezelschap* "Chrysostomus", 'n vereniging wat 'n beperkte lidmaattal gehad het en nie veel teologiese invloed op die breëre teologiese geselskap uitgeoefen het nie (vgl Pretorius 2002:19).

Na sy studies aan die Universiteit Utrecht het hy agtereenvolgens die gemeentes Varik (1877-1882), Steenwijk (1882-1889) en Zierikzee (1889-1891) van die Nederlandse Hervormde Kerk bedien en in 1891 aanvaar hy die

beroep na die Nederduitsch Hervormde Gemeentes Rustenburg en Marico in die *Zuid Afrikaansche Republiek*.

## 3. NEDERLANDSE SITUASIE

Van Belkum se dienstyd in die Nederlandse Hervormde Kerk het saamgeval met die teologiese stryd tussen enersyds die modernisme en andersyds die Doleansie onder leiding van Abraham Kuyper. Die modernisme veral was resultaat van die *Verligtingsdenke* en van die vraagstellings wat deur die modernisme ingelei is, was ondermeer die studie van die Skrif en die gevolge daarvan vir die Christologie. D F Strauss (1808-1874) het reeds in 1835 Jesus se lewe beskryf as ’n gewoon menslike lewe waaraan onhistoriese wonderdade deur sy volgelinge toegevoeg is. Ook F C Bauer (1792-1860) het deur sy Nuwe-Testamentiese studie tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus net ’n charismatiese persoonlikheid was (De Jongh 1978:331).

Teen die oorbeklemtoning van die rede deur die modernisme het nie net Van Belkum se leermeesters, maar ook teologiese stromings soos die *Reveill* – veral die verbesondering daarvan in die “etiese rigting” – en die “konfessionele” rigting gereageer. Onderwerpe wat deur die reaksie teen die modernisme ingelei is, was onder meer die Skrifkritiek en openbaringsbegrip, terwyl die stryd wat deur die Doleansie gewek is, die aandag op die belydenisskrif en die kerkbegrip gefokus het.

## 4. TEOLOGIESE AKSENTE

### 4.1 Skrifkritiek en Openbaring

Veral die historiese kritiese metode van ondersoek wat deur die modernisme tot sy uiterste gevoer is, het verskeie reaksies gewek. J I Doedes (1817-1897), een van Van Belkum se leermeesters het in 1859 met sy intreerede *De critica studiose a theologicis exercenda* standpunt teen die modernisme se metode van ondersoek ingeneem. Schram (1952:38) dui aan:

> Ten sterkste verdedigde Doedes de stelling, dat de kritiek er recht op had, beoefend en beluisterd te worden; Gods Woord, tot ons komend in de dienstknechtsgestalte van een boek dwong daartoe. Doch tegelijk bestreed hij ten scherpste de wijsgerige methode dier dagen, die meende op grond van “vaste, onveranderlijke natuurwetten”, het wonder te mogen ontkennen.

Doedes veral het op Van Belkum invloed uitgeoefen, want onder sy leiding het Van Belkum sy doktorale studie van die *Codex Rheno Trajectini* begin.

Alhoewel Van Belkum die studie vanweë gemeenteverpligtinge nie voltooi het nie, blyk dit dat hy 'n sterk belang vir eksegese gekoester het.

Behalwe Doedes se reaksie op die modernisme se metode van ondersoek, het ook ander reaksies gevolg soos die van die "etiese-rigting" en die "konfessionele rigting" en selfs binne die hoofstrominge was daar verskillende beklemtonings.

Die "etiese rigting" moet in twee groeperinge onderskei word; as vroeë verteenwoordiger van die "etiese rigting" kan J H Gunning jr aangedui word; as latere verteenwoordiger van die rigting veral J J P Valeton terwyl Dr Ph J Hoedemaker as eksponent van die "konfessionele" rigting beskou kan word.

Uit 'n vergelyking van die onderskeie reaksies blyk dat die verskillende standpunte ten opsigte van die histories-kritiese metode van Skrifondersoek na die basis waarop die Skrifondersoek geplaas is, herlei moet word. By Doedes is die basis die historiese en teenoor die modernisme wat die openbaring van God net aanvaar insoverre dit nie met die rede in stryd was nie, het Doedes aan die wonder en die "evangeliese geskiedenis" vasgehou. Volgens Doedes wil veral Opzoomer die Christendom deur die "suiweringsproses" losruk van die geskiedenis en tot abstrakte begrippe beperk. Hy handhaaf egter die standpunt dat die dogmatiese slegs vanuit die historiese geformuleer word.

Die "etiese rigting" soos dit in Gunning vergestalt word, het die basis van ondersoek nie in die historiese karakter van die evangelie gesoek nie, maar in die openbaring as ontmoeting tussen God en mens. Rasker het verder aangedui dat Gunning - teenoor Doedes en Van Oosterzee – van oortuiging was dat God se mededeling van die openbaring eers geloof wek en dan die verstand aanspreek en nie vanuit die historiese eers die verstand aanspreek en dan geloof wek nie (1974:149).

Valeton sluit hierby aan wanneer hy die volgens Loader (1984:27) die inhoud van die openbaring nie in die intellektuele of begripsmatige fundeer nie, maar kom tot stand omdat God op die lewe van die mens inwerk en die mens kry daarmee te doen deur ervaring. Anders as Gunning stel Valeton egter nie net God se openbaring in verband met geloof en ervaring nie, maar ook dat geloof op ervaringsindrukke gebaseer is. Valeton wil die basis van Skrifstudie nie soos Doedes op die historiese fundeer nie, ook nie op die belydenis soos by Hoedemaker nie, maar dit begrond in die openbaringsgebeure.

Gunning en Valeton het dit in gemeen gehad – die openbaring as ontmoetende gebeure van God met die mens vorm die basis van die Skrifondersoek. Dié ontmoetende gebeure van God met die mens, die gemeenskap tussen Skepper en skepsel het in Jesus Christus gestalte gekry

en stel Gunning: "*Hem, den persoon van Christus, in het middelpunt te stellen, dat is het ethisch beginsel"* (Bos 1981:129).

Die konfessionele rigting waarvan Hoedemaker 'n eksponent was, wou daarteenoor die Skrifondersoek vanuit die belydenis beoefen. Hoedemaker het nie net teenoor Doedes, maar ook teen Valeton standpunt ingeneem. In sy rede *Niet van eigen uitlegging* (1886) het Hoedemaker gereageer op Doedes se lesing *De student en de predikant tegenover de vrije exegese* (1886). Volgens Hoedemaker kan die Skrifondersoek en uitleg nie vry bedryf word nie, maar moet dit in oorleg met die belydenis geskied (vgl Schram 1952:99).

Die verskil in vertrekpunte tussen Hoedemaker en die "etiese teoloë," soos Gunning en die latere eksponent Valeton, het mettertyd duideliker geword (vgl Abma & De Bruijn 1989:108 e v). Hoedemaker het in sy publikasie, *De Mozaïsche oorsprong van de wetten in de boeken Exodus, Leviticus en Numeri, Lezingen over de moderne Schrift-kritiek des Ouden Testaments* (1895) hom veral teen die histories-kritiese metode van ondersoek, soos dit deur J J P Valeton beoefen is, uitgelaat (vgl ook Scheers 1935:160 e v; Abma & De Bruijn1989:120,121). Ook hier het die inhoud wat aan die openbaring gegee is, ter sake. Hoedemaker het gevra:

> Waarin bestaat evenwel volgens de critici die openbaring? Dat zal Prof. Valeton ons zeggen in zijne toespraak over "de Israëlietische Godskennis". Zij bestaat hierin, dat "God iets en altijd meer van zich merken laat", en, dat "de Godsmannen, de profeten uitdrukken, wat zij van Hem te weten komen, eerst in kinderlijke, half heidensche, menschvormige, naïeve voorstellingen, maar naarmate de ontwikkeling toeneemt, minder kinderlijk en meer juist...Voor de critici is alles menschelijke voorstelling, alles subjectief, volgens de Schrift staat God, met Zijne Openbaring, met Zijne spreken "boven en buiten de ontwikkeling."
>
> (Hoedemaker 1895:44, 47)

Teenoor dié openbaringsbegrip stel hy dat die openbaring van bo-af neerdaal en volgens Scheers het hy reeds in 1871 gestel: "*Het hoogste staat aan het einde, maar evenzeer aan het begin van de reeks. Het ideaal Gods ligt vóór ons en achter ons tevens"* (Scheers 1935:163). Die basis waarop die skrifkritiek beoefen is, het nie net gevolge vir die openbaringsbegrip gehad nie, maar ook daartoe gelei dat die eenheid van die Bybel en die Christologie in die debat aan die orde gekom het.

Hoedemaker (1895:7; vgl ook Scheers 1935:163) het aangedui dat die konfessionele standpunt van die openbaring daartoe lei dat die Bybel as

eenheid gehandhaaf word en so word al die dele van die Bybel, in besonder die Ou Testament, op Christus betrek. Elke openbaring is Christus openbaring en volgens Paul (Abma & De Bruijn 1989:116) was Hoedemaker se uitlating, "*De ware wetenschap is christocentrisch"* die kenmerkende van sy teologie en Skrifuitleg. By Valeton veral is die verskeidenheid ten koste van die eenheid beklemtoon en hieroor het Hoedemaker Valeton uit sy *Toespraken* (1892) aangehaal:

> Vele berichten des Bijbels zijn met elkander in strijd, of ook niet in overeenstemming, met hetgeen wij van elders uit onbetwijfelbaar, geloofwaardigen bronnen vernemen. Het historisch karakter van sommige berichten moet worden in twijfel getrokken en erkend moet worden, dat de geschiedschrijving wel eens is dienstbaar gemaakt aan de prediking. Ook al loochent men volstrekt niet de mogelijkheid van wonderen, men stoot op moeilijkheden, die niet zij op te lossen.
>
> (Valeton, in Hoedemaker 1895:51)

Hoedemaker was van mening dat die histories-kritiese metode van ondersoek by Valeton ook 'n Christologiese gevolg het. In sy publikasie, *Christus voor de rechtbank der moderne wetenschap* (1898), het Hoedemaker hierop uitgebrei. Volgens hom is die vraag, wat hy veral tot Valeton rig, of Christus ten opsigte van sy Persoon, werk en amp gedwaal het wanneer Hy die Ou Testament op Hom betrek? Paul (in Abma & De Bruijn 1989:124) konkludeer: "... *dat de wetenschapelijke vragen voor Hoedemaker geen louter theoretisch karakter dragen, maar direct te maken hebben met het geloof. Ze hebben vooral te maken met zijn geloof in Christus".*

Nie net die invloed van Van Belkum se leermeesters nie, maar ook die invloed van die "etiese rigting", sowel as die konfessionele rigting, is in Van Belkum se teologiese aksente onderskeibaar. Hiervan is nie net sy prediking nie, maar ook sy opmerkings in kerklike blaaie voorbeelde.

Ten opsigte van die Skrifkritiek en die basis van waaruit dit beoefen moet word, het Van Belkum by sowel die "etiese" as die "konfessionele" aangesluit; hy het egter sterk standpunt ingeneem teen die uiterste van historiese kritiek soos dit deur die modernisme beoefen is en in die verband hom van C W Opzoomer en die gevolglike christologie afgegrens. Volgens Van Belkum het die modernisme: " *... eerst met het snoeimes eener bevooroordeelde critiek alles uit de oudste geschriften verwijdert, wat hare stellingen in den weg stond en ons daarna eenen Christus geschilderd, die niet meer is dan een onzer."*

Christus word vervolgens verskraal tot ’n godsdiensstigter, wat ons leer dat God liefde is, dat ons ons medemens soos onsself moet liefhê en dat die mensdom ’n broederskap is. Christus word dus van sy Godwees geroof, aldus van Belkum, en:

> Door deze ontkenning is alles wat Jezus geopenbaard heeft op eene lijne geplaatst met de stelsels der andere menschen en is Hij zelf geworden niet meer de Zoon Gods maar de mensch uit Nazareth, een groot leeraar, maar die evenwel de dingen des eeuwigen levens beschouwde in het licht van zijnen tijd ... Alles wat hij dus op het gebied des eeuwigen levens verkondigd heeft evenwel of evenweinig waarde als de leer van Brahma, Confucius en Socrates.
>
> (NHKA: Sarkady L VI 27/2)

Van Belkum, handhaaf soos sy leermeester Doedes, die historiese basis van die openbaring. Teenoor die modernisme wat die Christelike geloof van sy historiese basis wil losmaak en in abstrakte begrippe vaspen, stel Van Belkum steeds die standpunt – *daar staan geskryf*. Sy behandeling van Matteus 8:23-27 gee hiervan blyke:

> Wat ons betreft, het verhaal is te eenvoudig en te onopgesmukt, dan dat wij hier aan een verdichtsel zouden kunnen gelooven ... Ook bij alle verschil die er bestaat tusschen de beschrijving die Mattheus geeft en die wij, bij Marcus en Lucas vinde, is ons de overeenkomst zoo treffend dat alle vermoeden van verdichting wordt weggenomen.
>
> (NHKA Sarkady: VI 24/5)

Van Belkum het nie net die historiese basis van die Skrif gehandhaaf nie, maar ook die historisiteit van Christus en enige poging om die Evangelie sy heilskarakter te ontneem en met ’n sedelike boodskap te vervang, afgewys. Die historiese basis waarop hy egter sy Skrifondersoek geplaas het, het egter nie beteken dat kritiese Skrifondersoek afgewys word nie. Hierdie aksente word duidelik in ’n preek van 25 Desember 1875:

> Neem dat kind in de kribbe weg uit de geschiedenis, en deze wordt een aaneenschakeling van raadzels ... Wij vreezen het onderzoek der Schriften niet, want hiervan kunnen wij overtuigd zijn dat men zoo geen fabelen kan dichten als onze Evangelisten en Apostelen het Ev. beschreven hebben ... Men heeft de waarheid van dat Evangelie willen betwisten en daarom de toevlucht moeten nemen

> tot gewaagde onderstellingen, die heden opkomen en morgen verdwijnen. Men heeft daarom de zonde teruggebracht tot een gebrek in de ontwikkeling van den enkelen mensch en den mensch in staat geacht om zich zelven zonder Christus rechtvaardig en heilig te maken.
>
> (NHKA: Sarkady L VI 24/9)

Van Belkum het dus ten opsigte van die Skrifkritiek en die openbaringsbegrip by sy leermeesters, veral Doedes aangesluit. Hy het hom egter afgegrens teen 'n openbaring wat alleen op die kerklike leer gegrond sou wees. Vir Van Belkum was die Christendom die gevolg van die lewende verhouding met God, *"*het Christendom is geen *leer* maar een *levenskracht"* (NHKA:Sarkady L VI/24). Hieruit volg dat die innerlike van die mens, die hart en die lewe die punt waar Godsopenbaring en mens ontmoet. Trouens – Van Belkum stel op 6 November 1887 na aanleiding van die teks, Johannes 4:24:

> De ware aanbidding Gods moet zijn eene geestelijke, welke wel niet zonder vormen is, maar die toch in de eerste plaats voorkomt uit het hart, dat dorst naar God, dat de heiligende en reinigende gemeenschap met God zoekt en begeert.
>
> (NHKA: Sarkady L VI 28/15)

Alleen wanneer die versoening van die sondaar met God deur Christus persoonlik ervaar word, kan die belydenis van Christus opgeneem word: "*Het is onze eigene persoonlijke levenservaring, die antwoord geeft op de vraag van Jezus en in onze mond heeft onze belijdenis een groote betekenis"* (NHKA: Sarkady L VI 24/18) en "*De waarheid des Evangelies is eenvoudig; dat zij dan ook door ons eenvoudig worde verkondigd; die waarheid is voor het hart ... "* (NHKA: Sarkady L VI 24/17). Van Belkum vertoon dus in openbaringsbegrip en die Skrifkritiek nie net die invloed van sy leermeesters nie, maar ook dié van die "etiese rigting" .

Ten opsigte van die eenheid van die Bybel het hy by die gedagtes van Hoedemaker aangesluit. Dat Van Belkum eerder by Hoedemaker as by Valeton op hierdie punt aansluit, moet toegeskryf word aan die historiese basis wat grondliggend aan Van Belkum se Christologie heers.

Volgens Scheers (1939:163) het Hoedemaker die eenheid van die openbaring in Christus begrond: "*De eenheid van de verschillende deelen is echter een eenheid 'in Christus'. Hoedemaker betrekt het Oude Testament in zijn geheéél op Christus ... Iedere openbaring is Christusopenbaring."* Die gedagtes het ook by Van Belkum voorgekom en stel hy eens: "*Al de Schriften*

*getuigen van Christus. Hij is als het ware het middelpunt, waarop al die lijnen uitloopen"* (NHKA: Sarkady L VI 27/10).

Die ambivalensie wat by Van Belkum voorkom, stem ooreen met die gevolgtrekking wat Kuiper (1972:171) gemaak het. Volgens hom word in die laaste kwart van die negentiende eeu teoloë gevind wat:

> ... weliswaar etische attituden vertoonden, maar toch rechts van de zuivere Etischen-irenischen stonden. Van Oosterzee en Doedes, vertegenwoordigers van de "historisch-apologetisch school", vielen daaronder. De "evangelisch-apostolische" Doedes, die door een konflikt van De la Saussaye gescheiden waren, werd ondanks zijn scepsis in 1868 tot moderamenlid der Evangelisch-Confessionele Predikantevereniging.

**4.2 Belydenisskrif en kerkbegrip**

Ten opsigte van die verhouding van die belydenisskrif en die kerkbegrip vertoon Van Belkum die invloed van sy leermeesters en die vrae wat deur sy eie tyd gestel is. Waar die begripspaar Openbaring en Skrifkritiek deur die stryd teen die modernisme aan die orde gestel is, sou die Doleansie van 1886 van Van Belkum eis om die inhoud en verhouding van en tussen die belydenisskrif en kerkbegrip formuleer. Die Doleansie word allerwee beskou as die resultaat van die *Algemeen Reglement* van 1816 ( Van Wyk 1991:122-123). Deur die *Algemeen Reglement* het die Verligtingsdenke in die Nederlandse Hervormde Kerk ingang gevind en daardeur die belydende karakter van die kerk vernietig (Pont 1979:79 e v). Abraham Kuyper (1837-1920) was die belangrikste figuur in die Doleerende kring en Bakhuizen van den Brink (1968:81) het sy werksaamhede so opgesom: "*Kerkelijk stuurde hij aan op herstel van de Dordtse kerkorde in een belijdende Kerk op de grondslag van de Formulieren van eenheid*."

Die Doleansie het nie net die verskil in belydenis en kerkbegrip tussen die doleerendes en die Nederlandse Hervormde teoloë belig nie, maar ook onderling het die verskillende teologiese strominge ten opsigte van belydenis en kerkbegrip verskil. Kuiper het Doedes, Van Belkum se leermeester, se opvatting só opgesom:

> Naast de Modernen onderscheidde hij:
> *de streng-konfessionelen:* "allen die op een ondubbelzinnige erkenning en handhaving der belijdenisgeschriften aandringen." *De bijbels-konfessionelen:* "allen die 'geensinz confessioneel *quand-même*' denken, maar voorstanders zijn van een "onbekrompene erkenning en handhaving der belijdenisgeschriften, voorts een voortdurend toetsen ervan aan de Schrift, zodat alleen inzoverre zij hiermede overeenkwamen, zij erkend konden worden. *De*

> *evangelisch-apostolischen:* de stroming die "de geest der belijdenisgeschriften, het kenmerkende ervan, aannam, maar altijd allereerst vroeg wat het apostolische Christendom als Evangelie op de voorgrond plaatst."
>
> (Kuiper 1972:170)

De Bie (s a:512) dui aan dat Doedes aanvanklik Bybels-Evangelies georiënteerd was; mettertyd het hy egter meer na die ortodoksie geneig, maar sonder om die kritiese benadering ten opsigte van teologiese studie prys te gee. Hy wou teologie as wetenskap handhaaf en verhoed dat dit aan die belydenis van die kerk onderwerp moes word (vgl Nauta 1983:171). Hierdie standpunt het ook vir Van Belkum se ander leermeesters soos Van Oosterzee en Beets gegeld.

Volgens Dreyer (1974:36) was die kenmerkende van Van Oosterzee dat hy: "... nooit leer of belydenis van die kerk ter syde gestel het nie, maar wou ook nie saamgaan tot 'n uiters gedrewe konfessionalisme nie." Ook Nicolaas Beets het soos Van Oosterzee hom na twee uiterstes afgegrens en volgens De la Saussaye (in Botha, 1981:21, 22) was Beets:

> ... tegen allen formulierdwang, hij wilde vrijheid voor allen, zoowel voor lidmaten als voor leeraars. Ze afschaften wilde hij niet, omdat volgens zijn inzichten de tijd daarvoor nog niet rijp was. Een streng gereformeerd man, een echte Kalvinist is Beets niet geweest, hij was meer een gevoelsman dan een dogmaticus.
>
> (Scheers 1939:67)

Ten opsigte van die kerkbegrip en belydenisskrif het J H Gunning (jr) hom gedistansieer van 'n juridiese erkenning en handhawing van die belydenisskrifte. Volgens Rasker was dit vir Gunning: " ... *intellectualisme, als de belijdenis voor het wezen der kerk wordt gehouden in plaats van uitdrukking te zijn van haar leven"* (Rasker 151). Tog het daar mettertyd by Gunning 'n waardering vir die belydenis deur die kerk ontstaan. Dit het geblyk uit sy korrespondensie met Groen van Prinsterer waarin Gunning verklaar het: "*Ik heb destijds te veel nadruk gelegd op het individuele geloofsleven en te weinig op de eer Gods, die allereerst eist dat de kerk als geheel, als lichaam, de Naam des Heren Jezus belijde"* (Balke 1992:55). Dit was veral Hoedemaker se gedagtes dat die belydenis die saak is van die kerk en nie 'n individuele gewetensaak wat toenadering tussen die twee teoloë moontlik gemaak het.

In sy stryd teen die organisasie wat deur die Algemeen Reglement van 1816 aan die kerk opgedring is het Hoedemaker se standpunt teen artikel 11

die plek en funksie van die belydenis uitgewys. Hoedemaker het die standpunt afgewys dat die belydenis van die kerk, soos dit in die Drie Formuliere van Eenheid vervat is, ’n onveranderlike grootheid is. Hy wou *confessioneel* en nie *confessionalistisch* met die belydenis omgaan. Vir hom was die belydenis nie ’n afgeronde dokument waaraan niks meer verander kon word nie, die beroep op die Skrif, was steeds die pad na die belydenis (Kromsigt 1932:13, 14).

Alhoewel Hoedemaker en Gunning ten opsigte van die belydenis en kerkbegrip nader aan mekaar beweeg het, het Hoedemaker se verskille met Doedes geblyk uit sy lesing *niet van eigen uitlegging* (1886). Scheers (1939:67; vgl Schram 1952:123 e v) lewer soos volg kommentaar:

> In deze rede heeft Hoedemaker gelegenheid, te laten zien dat hij ook van Doedes verschilt in de waardeering van de belijdenisgeschriften. Doedes meent, dat de formulieren volstrekt niet in alles schriftuurlik zijn. Voor Hoedemaker zijn zij, ook op de, door Doedes in zijn beoordelingen van de Nederlandsche Geloofsbelijdenis en de Heidelberger Catechismus, genoemde punten, niet in strijd met het Woord van God.

Van Belkum se standpunt teen die agtergrond van sy teologiese milieu het hy reeds op 14 Januarie 1877 in die gemeente Varik in sy prediking aan die orde gestel:

> Daar hebt gij het kerkelijk vraagstuk, dat de oplossing zoekt te geven van den kerkelijken twist en waardoor beslecht moet worden of wij eene kerk zullen en mogen hebben met of zonder bepaalde belijdenis?
>
> (NHKA: Sarkady L VI 24/18)

Van ’n kerk sonder die belydenis wou Van Belkum niks weet nie, maar van ’n kerk vanweë die belydenis ook nie. Van Belkum wou ten alle koste die eenheid van die kerk enersyds teenoor die belydenisondergrawende gedagtes van die modernisme en andersyds teenoor die kerkskeurende en belydenisoordrywende gedagtes van die Doleansie verdedig. Die belydenis was vir Van Belkum die resultaat van die verkondiging van die evangelie, dit volg op die evangelieverkondiging en die ontmoeting met Christus. Hy stel ondermeer:

> En dit belijden wij niet met zekeren hoogmoed, alzof in deze belijdenis iets verdienstelijks waren; alzof wij door dit voor God uit te spreken ons in zijn oog aangenaam konden maken, maar wel

> belijden wij dit in de grootste nederigheid en met de diepste schaamte, omdat wij maar al te zeer gevoelen hoe zeer wij gevallen zijn aan onze heerlijke roeping ... Deze belijdenis is evenveel geen werk des verstands. Het is niet maar een aannemen van deze of die ontwijfelbare waarheid. Neen deze belijdenis is haar leven. Zij belijdt dit omdat zij leeft.
>
> (NHKA: Sarkady L Vi 26/17)

Die belydenis is dus nie ’n banier waaronder die kerk haar skaar nie, maar die gevolg van die ontmoeting met Christus. Hiervan is die gedagtes in die prediking van Lukas 10 op 20 Junie 1875 bewys: “... om zalig te worden behoeft gij de wet niet te vervullen, behoeft gij de verschillende leerstukken niet te onderteekenen, want dit alles bezit ge reeds als ge naar Christus luistert en *dit* is uw behoud” (NHKA: Sarkady L VI 24/7).

Die openbaring word volgens Van Belkum vasgevang in die leer en belydenis nie en stel hy op Hervormingssondag, 1875:

> Velen onder ons hebben getracht en trachten nog steeds eene gansch andere geest in onze kerk te doen zegevieren dan die der christelijke vrijheid. Hier wil men ons binden aan den letter der wet en der formuliere en bedenkt men niet dat de christen alleen zal gerechtvaardigd worden uit het geloof, niet uit het houden der wet of het aannemen der formulieren. Ginds weder eischt men van ons dat wij ons zullen onderwerpen aan de letter alsof er niet geschreven stond: *de létter doodt, maar de geest maakt lewend.*
>
> (NHKA: Sarkady L VI 24/8)

Van Belkum se beskouing van die belydenis in die kerk het ook tydens sy Suid-Afrikaanse periode rondom die Ruysch van Dugteren saak gestalte gekry.

Carl Jacobus Lodewijk Ruysch van Dugteren het vanaf 8 April 1909, naas prof dr P J Muller as predikant die gemeente Pretoria bedien (vgl Botha 1981:200). In Julie 1911 het hy in ’n brief aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gevra, of die ondertekening van die formule, wat elke predikant voor sy indienstreding in die Nederduitsch Hervormde Kerk moes teken, letterlik moes verstaan. Die ondertekeningsformule was die formule wat sedert 1866 in die Nederduitsch Hervormde Kerk gegeld het en voordat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kon reageer het Ruysch van Dugteren op 16 Julie 1911, tydens die oggenderediens bekend gemaak dat hy besware teen die belydenisskrifte het. Van Belkum was op daardie stadium Skriba van die Kommissie van die Algemene

Kerkvergadering en het toegelaat dat Ruysch van Dugteren die formule onderteken, sonder om hom deeglik van Ruysch van Dugteren se besware vergewis. Van Belkum se versuim het egter nie beteken dat hy die belydenisskrifte geringgeskat het nie, inteendeel in sy kommentaar op die handelinge tussen die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Ruysch van Dugteren het hy in die artikel *Art.116 der wetten van de Nederd. Herv Kerk van Zuid-Afrika* gestel indien die belydenis van die kerk nagelaat word, sal die kerk: "... *verwaterd, afgegleden van haar gondbeginselen en dat straks allerlei leringe waren gekomen, die niet meer bestreden konden worden"* (*De Hervormer* 1911:8).

## 6. KONKLUSIE

Ds Jacobus van Belkum het soos sy leermeesters, veral Doedes, die openbaring in die historiese begrond en van daaruit die histories-kritiese Skrifondersoek benader. Hy het egter vanuit die historiese basis van die openbaring eerder aansluiting gevind by Hoedemaker se handhawing van die eenheid van die Bybel en die gerigtheid daarvan op Christus beklemtoon. Die klem wat Van Belkum op die verbintenis tussen leer en lewe geplaas het, asook die openbaring as ontmoetingsgebeure dui op sy verbintenis met die vroeë etiese stroming  soos dit deur J H Gunning (jr) geformuleer is. Tydens die Doleansie en die Ruysch van Dugteren-saak in 1911, het Van Belkum hom gedistansieer van 'n konfessionalisme wat die belydenisskrif tot voorwaarde vir die kerk se wese verhef; hy het eerder by Gunning en Hoedemaker se konfessionele standpunt aangesluit wat die belydenis as belydende daad van die kerk beskou het.

Uit die voorafgaande blyk dat Van Belkum se teologiese aksente beslis met die teologiese strominge van sy tyd aansluiting gevind het. Dit is egter 'n genuanseerde aansluiting, omdat die verbande tussen die teologiese begrippe 'n wisseling toelaat. Hiervan dien nie net die onderskeiding van die "juridiese" en "ireniese" groepering in die konfessionele rigting as voorbeeld nie, maar ook die verwysing na Van Belkum as "ortodokse kandidaat" en sy waardering van en medewerking met 'n "gematigde konfessionele" teoloog, soos A W Bronsveld (vgl Pretorius 2002:246), en 'n "etiese" blad soos *Ernst en vrede.*

Teen dié agtergrond en in bogenoemde verbande moet Van Belkum se teologiese aksente nie as apologeties, eties of konfessioneel getipeer word nie, maar vanuit 'n ruimer teologiese omskrywing as "middelkonfessioneel", "ortodoks" of "medies-eties/konfessioneel".

## Literatuurverwysings

Archief Utrecht, Notule van *Secor Dabar* Inv. Nr 6. Utrecht: Nederland.

Abma, G & De Bruijn, J (reds) 1989. *Hoedemaker Herdacht.* Baarn: Ten Have.

Bakhuizen van den Brink & Dankbaar W F, 1968. *Handboek der kerkgeschiedenis*, deel 4. Den Haag: Bert Bakker.

Balke, W 1992. *Heel het Woord en heel de Kerk.* De Groot Goudriaan: Kampen.

Berkhof, H 1947. *Geschiedenis der kerk.* Nijkerk: Callenbach.

Bos, G 1981. *Christus de gekruisigde voor en in ons: Gunning's getuigenis van het verzoende leven*. Dordrecht: J P van den Tol.

Botha, S J 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy (1848-1920): Sy lewe en betekenis.* Pretoria: Kital.

De Bie, J P & Loosjes, J (reds) s a. *Biografisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland,* Deel 3. Nijhoff: 's-Gravenhage.

De Jongh, O J 1978. *Nederlandse Kerkgeschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.

Dreyer, T F J 1974*. J J van Oosterzee (1817-1882) as homileet*. Utrecht: Elinkwijk

Gemeente Archief Leeuwarden. Archief Old Burger Weeshuis, Inv nr. 117. Leeuwarden: Nederland.

Kuiper, D Th 1972. *De Voormannen: Een sociaal-wetenschappelijke studie over ideologie, konflikt en kerngroepvroming binnen de Gereformeerde wereld in Nederland tussen 1820 en 1930*. Kampen: Kok.

Loader, J A 1984. Die Etiese Ou-Testamentici in Nederland tussen 1870 en 1914. D Theol-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

Loader, J A 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45(2), 412-437.

Loader, J A 1996. 'n Hervormde tradisie as heelmiddel. *HTS* 52(4), 566-589.

Nauta, D (red) 1983. *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van Het Nederlands Protestantisme*. Kampen: Kok.

Pretorius, C 1992. Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog op die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1899-1902): Kerkorganisasie deur Jac Van Belkum. BD-Skripsie, Universiteit van Pretoria.

Pretorius, C 2002. Jac van Belkum (1851-1933) *Nestor* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795: Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeu*. Kampen: Kok.

Scheers, G Ph 1939. *Philippus Jacobus Hoedemaker.* Wageningen: Veenman & Zonen.

Schram, P L 1952. *Jacobus Isaac Doedes.* Wageningen: Veenman & Zonen.

Sarkady, N 1997. Ongepubliseerde Inventaris: Jac van Belkum versameling L VI/1-32. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Uil, H 1990. Stromingen en Richtingen in de Hervormde Gemeente te Zierikzee. Ongepubliseerde inligtingstuk, Nederland.

Van Belkum, J 1911. Art 116 der Wetten van de Nederd. Herv. Kerk. *De Hervormer* 15 Oktober 1911, 6-8.

Van Wyk, B J 1991. *Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip*. Pretoria: Kital.